

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 33**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# *Ons Wil*

*Met Quo Vadis wil ons die kruik van God omkeer sodat u oorgiet word met sy evangelie van genade.*

*Ons wil u ontmoet in geloofsmededeelsaamheid.*

*Ons wil die toevlugsoord aanwys vir*

*die ontstamdes en onterfdes,  
die verdwaaldes en soekendes,  
die verlaafdes en ontugtiges,  
die gebrokenes en eensames,  
die verslaenes en verskoptes,  
die teleurgesteldes en wanhopiges.*

*Ons wil u invoeg in die mededoë van God.*

*Ons wil u tuisbring van 'n lang swerftog.*

*Ons wil u kalmte gee na u verwildering.*

*Quo Vadis is draer van die Brood van die Lewe.*

*Deur hierdie bladsye straal die lig van die wêreld.*

*Ons laat u proe van die Water wat in 'n mens 'n opspringende fontein word.*

*Ons gaan op die kruispaaie van die lewe staan om die rigting aan te wys.*

**W. J. de K**

# Jesus gevind...

## OP HIERDIE EN DIE VOLGENDE BLADSYE WORD VERTEL HOE JESUS GEVIND WORD.

As jy Jesus Christus gevind het, het jy die uitnodiging van God aanvaar. Die vraag is: Hoe vind 'n mens Jesus? Presies kan ek dit vir jou nie uitlê nie, want 'n sondaar wat Jesus vind, bly nog altyd 'n liefdeswonder. Hier is ook geen voorskrifte moontlik nie. Ons mag nie die genadewerkinge van die Here in 'n skema indwing nie.

'n Mens vind Jesus deur die weg van die wedergeboorte. Wat die weg van die wedergeboorte is, kan ek weer nie presies aan jou uitlê nie. In die belydenis word dit só omskrywe: "die vernuwing, nuwe skepping, opwekking uit die dode en lewendmaking... wat God sonder ons in ons werk. Dit is 'n geheel bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk soete, wonderbare, verborge en onuitspreeklike werking... sodat hulle almal in wie se harte God op hierdie wonderbaarlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadiglik wedergebore word en daadwerklik glo."

Vóór dié wedergeboorte, met die wedergeboorte en na die wedergeboorte gebeur daar iets met die begenadigde mens. Ek wil jou aandag op enkele van hierdie dinge vestig.

### 1. DIE UITVERKIESING

In die Bybel staan dat 'n moordenaar in sy laaste lewensomblikke Jesus gevind het. Wat daar tussen die Here Jesus en hierdie man gebeur het, is nie uit die mens nie.

Hier is 'n boosdoener en beroepsrampokker — 'n harde, ongevoelige mens. Langs hom hang Jesus. Op die oog af ook maar 'n misdadiger, 'n sterwende, veragte, gewaande Jodekoning wat só swak is dat Hy sy eie kruis nie kan dra nie. Sal 'n man met so 'n growwe natuur sommer sy hoop op 'n sterwende gaan rig? Is dit moontlik dat hier 'n menslike beslissing gedoen kan word? Nee, dit is onnatuurlik en onlogies.

Hier is 'n groter werking. Hierdie man is gevind, voordat hy gevind het. Hy is geroep, voordat hy begin roep het na Jesus om hulp. Hy is bekeer, voordat hy hom bekeer het. Christus het al aan hom gedink, voordat hy gevra het: "dink aan my!" Dit is die uitverkiesing — daardie magtige agtergrond en daad van God uit vrye genade; daardie geheim en wonder wat sondaars na Jesus bring.

Jy sal Jesus nie vind, as jy nie uitverkies is nie. Hierdie uitverkiesing is geen verbysterende angsaanjaende feit nie. Dit is troosvolle verkondiging. Daardeur het God juis sy liefde aan gevalle sondaars geopenbaar. Ons vind twee lyne in die Skrif wat ons met ons verstand nie kan verenig nie. Aan die een kant word gestel dat dit God is wat die keuse maak en aan die ander kant dat dit die mense is wat voor 'n keuse en beslissing gestel moet word. Saam gee hierdie twee lyne ons die volledige antwoord.

God doen die keuse, maar hierdie keuse handhaaf die menslike verantwoordelikheid. Ons mag geen fataliste wees wat soos slagoffers van God se wil voel nie, maar ons mag ook geen selfoorskating handhaaf asof ons die mag oor Christus se versoening in ons hande het nie.

Die verkiesende God is vir jou die sekerheid dat verlossing werklikheid kan word en die oproep om te kies is vir jou die bewegende krag wat na Jesus uitdryf. Jy begin by die verkeerde kant as jy vra: "Is ek uitverkies?" Vra liever: "Is ek onrustig oor my nood? Wil ek glo en het ek behoefte aan 'n Verlosser?"

As hierdie dinge in jou roer, is jy al op pad na Jesus, want die ritseling van onrus en verantwoordelikheid binne in jou, is die weerklank van God se verkiesende liefde.

Jou aanneming van Christus rus op sy aanneming van jou. As jy waaragtig glo, is hierdie geloof 'n openbaring van jou uit-Verkiesing. Glo in Hom — dit is jou opdrag. Die uitverkiesing is 'n konklusie en nie 'n uitgangspunt nie.

## **2. DIE WOORD**

Deur die Woord werk die Gees van God. Die groot werk van dié Gees is om na Jesus te bring en by Jesus te hou. Daardie selfde moordenaar waarvan ek jou vertel het, het dié woord gehoor: "Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"

As ons God hoor praat, dan gryp ons dit aan. Die woord oorweldig sondehart — dit is die krag wat sondaars uitlig tot in die arms van die Gekruisigde. Die Woord is die Gees se vangarms waardeur ons na Jesus gedra word.

## **3. DIE SKULDBELYDENIS**

Die weg na Jesus het vir daardie moordenaar oor sy eie kruis heengeloop. Dit was sy einde, die plek van sy openbare neerlaag en veroordeling. Dit was sy noodsituasie en sy magteloosheid. Vasgenael deur sy eie sonde en in 'n hoek vasgekeer deur sy eie ongeregtigheid, ontklee van alle skyn, in die ontsettende eensaamheid van skuld — dit was die weg waardeur sy lippe oopgebreek het in hulpgeroep: "Here, wees my genadig." Die weg na die Vader was vir die verlore seun die weg van selfinkeer en ellendebesef en skuldbelydenis.

Jy sal Jesus vind as die helder wete in jou opstaan dat jy nakend en blind en bouvallig is. Jy moet jouself aan Hom uitlewer in die erkenning dat jy skuldig is, dat sy oordele regverdig is en dat jy straf verdien.

Al sou sewe seë oor jou losbars — jy het dit verdien. Al sou die verloreheid jou deel word — jy het dit verdien. Soos 'n vader sy kind eers beweeg tot insig in sy oortreding, voordat die kind gestraf word, só wil God ons beweeg tot persoonlike erkenning dat ons skuldig is. Ons ontmoet Jesus op die smal, dun pad van sondebelydenis en berou.

## **4. DIE VERLOSSINGSBEHOEFTE**

Jy kan jou sonde as 'n afwyking of 'n wanaanpassing sien. Dit kan vir jou die natuurlike klimaat word — dan sal jy Jesus nie vind nie.

Verlossing moet begeer word — 'n persoonlike drang dat wat stukkend is, weer heelgemaak moet word, dit wat bevlek is, weer gereinig moet word en dit wat geskuld word, weer afbetaal moet word. 'n Kind soek onder trane weer die guns van die vader, wat hy deur sy sonde ontbeer, want sonder dié guns voel hy hom eensaam en in die gewete gekwel.

Jou geroep om behoudenis, omdat jy weet dat jy in jouself verlore is, sal jou by Jesus bring.

## **5. DIE BEROEP OP SY BELOFTE**

God het belowe dat hulle wat na Hom met 'n mankgeslaande hart gaan, genade sal ontvang. Dink aan my, Here! Vanuit die bouvalligheid van jou lewe moet jy met vrymoedigheid God op sy Woord neem dat Hy sondaars wat na Hom kom, nie uitwerp nie.

Vertrou die Verlosser dat Hy oor die swartskrif van ons sonde in die rooiskrif van sy Bloed skrywe: Begenadigde sondaar! Só bring die Here 'n mens na Jesus toe.

Êrens hoor ek 'n gesmeek: "O Here, Vader van die Here Jesus Christus, red my, ek wil nie verlore gaan nie" — **wedergeboorte**.

Ek hoor hoe hy bely dat die Evangelie vir hom te magtig geword het en hoe hy al hoe meer in die bleeklig van sy sondedood die eenvoudige starheid van die kruis sien — **wedergeboorte**. Die daadwerklike geloof het sy lewe kragdadiglik omgeswaai, sodat wat weerspanning was, gehoorsaam word — **wedergeboorte**.

Hy bid: "Ag Here, wat gebeur met my? Ek voel ek word steeds nader na U getrek. My wil en neiginge word omgebuig. Die gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees en die vrymoedige aanvaarding dat Jesus my Saligmaker is, het die oorhand in my gekry" — **wedergeboorte**.

## **6. JY HET HOM GEVIND**

As dit jou taal is, dan het jy Jesus gevind! Dan het die paradys op aarde vir jou oopgegaan. Die boom van die lewe, vol van God se beloftes, bars sommer langs jou uit die kors van jou alledaagse bestaan en die klaterende strome van die lewende water wat alle dors les, spoel deur jou heen.

Wanneer jy hierdie aarde moet verlaat, sal jy jou oë oopmaak in die douglinstering van die nuwe môrestond. Ja, jy sal nog die eensaamheid en die vertwyfeling ken. Die rooi hale van die sondesweep sal nog by tye warm oor jou siel gestreep lê en lokkende stemme sal jou nog weglei van jou Saligmaker. Jy sal die tye van skaamte en gewetensangs ken, omdat jy jou God moedswillig verloën het.

Volhard tot die einde toe. Die Here belowe dat dié wat Jesus gevind het, ook die dou van die Gees sal ontvang. Dit beteken verkwikking in sonnehitte. Reëlmatige terugkeer in reënlose tye. Wat kwynend is, word weer lewendig. Wat dor is, kry nuwe lote. Die sirkels van die dood omsingel jou, maar die krag van die geloof breek deur na die lewe in Christus.

**W. J. DE KLERK.** (Uit: Vader Leer My Loop.)

### ***UIT DIE LEWE***

Die beroemde Engelse natuurkundige Isaac Newton is die grondlegger van ons moderne ruimtevaart. Uit die veelheid van sy fondse is die ontdekking van die saamgesteldheid van lig en die wet van die swaartekrag. Hy het die ABC van die moderne natuurwetenskap neergelê en word vandag nog as een van die wêreld se groot wetenskaplikes beskou.

Tot die einde van sy lewe was hy 'n gelowige. Dit word vertel dat hy die Openbaringboek ywerig bestudeer het en daarvan die volgende gesê het: "Ek het die gevoel dat ek met my wetenskap by 'n grens gekom het. Hierdie boek bring my oor die grens." Kort voor sy dood gee hy die volgende deur... ag die onbegrensde oseaan van die waarheid wat nog nie ontdek is nie."

Vir Newton was daar geen botsing tussen geloof en wetenskap nie.

Moet ons, wat so klein in kennis is, nie skaam word as ons allerlei slimpraatjies verkoop oor die geloof wat onaanvaarbaar is vir die "wetenskaplike" mens nie?

## ***UIT DIE LEWE***

Soendhar Singh, 'n Oosterling wat Christen geword het, vertel van 'n ervaring wat 'n woord van die Here Jesus baie prakties illustreer. In die gebergtes van Tibet, gedurende 'n snerpende koue tref hy en sy reisgesel 'n half bevrore man in die sneeu aan. Singh wil die man help en saamneem, maar sy reisgenoot het geweier omdat hulle daardeur hulle eie lewe in gevaar sou bring. Na 'n heftige rusie verlaat Singh se metgesel hom en bly Singh alleen by die sterwende man agter. Met groot inspanning het Singh die man deur die sneeu gesleep en ente gedra. Na ure se ontbering en sukkel bereik hy 'n berghut. Sy reisgenoot het nooit opgedaag nie. Hy het in die sneeustorm beswyk. Dit het geblyk dat Singh deur al sy inspanning sy bloedsomloop so gestimuleer het dat sy daad van barmhartigheid sy lewe gered het.

Is dit nie 'n letterlike illustrasie van die woord van die Here Jesus nie:

"Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind." (Matt. 16:25.)

# *MISLUKTE OPVOEDING*

Ek is 28 jaar oud. My lewe is verby!

Ek soek nie simpatie nie. In doodsarms skrywe ek aan julle en mag die winde my boodskap dra na elke huis waar jong kinders is.

Ek onthou nog my sewende verjaarsdag. Die partytjie was gereël, en die maats het al een-een opgedaag. My ma het my hare nie na my smaak gevleg nie. Toe het ek haar uitgeskel voor die ander, die verjaarsdagkoek op die grond gesmyt en my duur presente een na die ander van die tafel afgeklap.

Daardie aand is ons bioskoop toe — my pa het gesê my senuwees moet gekalmeer word. So het dit altyd gegaan. In alles het ek my sin gekry. Hulle was bang vir my.

As ek histories word, het hulle alles gedoen wat ek geëis het. Eers was dit lekkers, roomys elke dag, twee maal per week bioskoop, duur presente, naweke saam met James en sy maats op die bromponies na die buitehotelle vir dans en plesier.

Ek het alles gekry wat my hart begeer. Nooit is 'n harde woord gesprek nie. My pa was 'n ou sport, en my ma het wel nou en dan sentimenteel geword oor dinge soos ouerliefde en dat ek nie skande moet maak nie. As ek daarna my deur sluit en die volgende dag weier om te gaan werk het ek haar weer vir 'n maand genees van die prekery.

Toe word ek agtien. Ek wou 'n nuwe aandrok hê. My pa het geweier en gesmeek dat ek 'n maand moet wag, omdat hy swaar in die skuld is. Dit het 'n groot rusie geword... met twaalf slaappille wat ek gesluk het, was die situasie gered. Nadat ek uit die hospitaal ontslaan is, het die aandrok in my kas gehang.

Daarna het ek dikwels probeer selfmoord pleeg om my sin te kry. Ek was al selfs twee maal in 'n gestig. O, die heerlike ontspanning wat die drank gebring het!

Eers was ons saam. Eddie en ek, Antonio en ek, Gunther en ek... saam in die roes van liefde en drank. Nou sê hulle ek is 'n alkoholis. Dit mag so wees. Al wat oorbly, is om nou en dan 'n vreemde weldoener te kry wat laat snags vir sy prys my 'n paar drankies injaag... en dan keer ek weer terug van die dood na die lewe.

My ouers het my probeer help. Nog steeds skulde betaal, my weggestuur vir vakansies, klere gekoop, maar ek haat hulle! Hulle het my weerloos die lewe ingestuur. Hul opvoeding was my ondergang. Geen gesag, geen dissipline, geen aankweking van waardebesef.

Twee maande gelede is ek deur 'n motor raakgery terwyl ek beskonke oor 'n staat geslinger het. My rug is af. Ek is verlam. My bene, die pragtige bene van my, teer uit. Ek is eensaam.

Elke Woensdag en Sondag kom my ouers kuier. Ons het niks vir mekaar te sê nie. Ek haat my medemens. Ek haat God — as daar 'n God is.

Nee — ek soek nie simpatie nie. Ook nie selfverontskuldiging nie, maar ek is nugter: **my opvoeding was verkeerd.**

Tugtig julle kinders, vaders. Sê nee. Gee hulle balans en waardes. Leer hulle om teleurstellings as noodsaaklike lewensvormers te aanvaar. Voed hulle sober op; met 'n vaste hand. Ek smeeke julle... dink aan my en skrik. Môre is dit julle liewe, bedorwe, stout krulkopdogtertjie wat slinger deur die strate.

Daar sal 'n vinger na julle wys!

**ESTIE**

Ns: My ouers was vooraanstaande mense.

Vader was bestuurder van 'n sakeonderneming en moeder een van die gesogte gasvroue.

En ek was so **veelbelowend...**

**Opmerkings van 'n leser van hierdie brief:**

Dit is baie duidelik dat hierdie kind se lewenswaardes en lewenshouding van die begin af skeefgetrek is. Was dit 'n opvoeding met die Bybel wat sy ontvang het? Ek glo nie. Die Christelike opvoeding bevat dinge soos tug, eerbied, gehoorsaamheid en balans.

Die Christelike opvoeding leer die kind die verskil tussen goed en kwaad, tussen God se geregtigheid en eie geregtigheid.

Die Christelike opvoeding bou op verantwoordelikheid en selfverloëning.

Die Christelike opvoeding sou haar die vrymoedigheid geleer het om in haar krisisoomblikke na die Here te vlug.

Arme kind... sy moet so ontsettend alleen wees.

## My Bruidegom behoort nie aan 'n kerk nie...

Wat dit presies inhou, het ek eers besef daardie oggend toe ek in die predikant se studeerkamer gesit het. Ek het lank gewik en geweeg. Sal ek gaan, of sal ek doen wat Johan voorgestel het: „Ons trou voor die magistraat. Dis net die maklikste.”

Dan het ek weer aan my ouers gedink. Sedert ek twee jaar gelede daar weg is, om in die dorp te kom werk, het ek hulle maar min gesien... net twee keer toe ek my jaarlikse verlof geneem het.

Hulle woorde, toe ek met my laaste besoek daar weg is, onthou ek nog goed: "My kind, as jy 'n keuse vir 'n huweliksmaat moet doen, sorg tog dat dit van ons mense is." Hul bedoeling het ek goed verstaan. Hulle wou graag hê dat die man met wie ek sou trou, 'n "kerkmens" moet wees.

Ek het nooit met Johan daarvoor gepraat nie. "As ons net eers getroud is," so het ek gedink, "sal alles wel een of ander tyd regkom. Ek kan hom maar 'n enkele keer saamneem kerk toe. Later, veral as daar kinders is, sal hy wel inval." Só het ek dit ook uiteindelik daardie oggend aan die dominee begin verduidelik.

Vaagweg het ek gehoop dat hy sou saamstem, maar tog ook gevrees dat hy sou sê dat so 'n troue heeltemal buite die kwessie is. Tot my verbasing het nie een van beide gebeur nie. "Waarom dink jy wil jou ouers so graag hê dat jou bruidegom 'n kerkmens moet wees?" het ek die dominee hoor vra.

Ek kon nie dadelik antwoord nie. Hieroor het ek nog nooit juis nagedink nie. Hy moes my aarseling gesien het, want hy beantwoord self die vraag: "Jou ouers is nie uitsoekend as hulle wil hê jou bruidegom moet van "ons mense" wees nie. Hulle dink ook nie dat die ander mense slegter as hulle is nie.

Nee, hulle weet maar net uit ervaring, dat enigiets wat nie op 'n stewige en hegte fondament gebou word nie, een of ander tyd inmekaar stort. Dit wil hulle nie graag met jou huwelik sien gebeur nie."

"Maar dominee, dit wat 'n mens bymekaar moet hou in jou huwelik, is mos die liefde... die liefde vir mekaar. Ek kan u verseker dat ek en Johan mekaar **werklik liefhet**."

"Jy is reg. Die liefde vir mekaar in die huwelik, is onmisbaar, maar het jy al gedink wie daardie liefde in julle harte gelê het? Is dit nie God self — die oorsprong van alle liefde nie? Moet 'n mens hom dan nie elke dag saam, as man en vrou, daarvoor dank nie? Watter versekering het julle dat die liefde wat julle nou vir mekaar het, gaan voortduur, as julle nie saam kan glo dat dit van God, die enigste sekere fondament, kom nie?"

As daar later moeilikhede kom, wat anders sal julle steeds bymekaarhou, as die wete dat die Here julle met sy Hand na mekaar gelei het en graag bymekaar wil hou."

"Maar dominee sien, dit is nou nie juis dat Johan heeltemal ongelowig is nie. Hy behoort maar net nie aan 'n kerk nie."

"Weet jy wat die mooiste van 'n huwelik is?" Dit is die beeld van die huwelik **van Christus met sy gemeente**. Hy, die Bruidegom en sy kerk hier op aarde, die bruid! Jy het dit seker al in jou Bybel gelees? Kan jy nou met vrymoedigheid sê dat jou huwelik so 'n beeld sal wees, as jou bruidegom nie aan 'n kerk behoort nie?"

Ek moes daardie môre aan die dominee erken dat ek dit nog nooit in so 'n lig gesien het nie en

natuurlik nog nooit só met Johan daaroor gepraat het nie. Nou het ek ook geweet dat ek dit vóór ons troue moes doen.

Doodseker dat Johan dit ook so sou verstaan is ek daar weg en ... hy het verstaan! Môre is dit my troudag. Die dominee het gesê dat hy Ps. 45:9 en 10 gaan laat sing. Hoe mooi verstaan ek dit nie nou nie:

"O dogter wat die bruidsroep hoor, o skoonste, luister, neig jou oor! Vergeet jou volk, jou eie vlees, dat jy die Koningsbruid kan wees. Gee dan die Koning, groot van mag, op jou en op jou skoonheid ag, o weier nie: buig voor Hom neer; Hy is jou Koning en jou Heer."

**A. N. HELBERG**

## Die vrug van die Gees is:

liefde  
blydskap  
vrede  
lankmoedigheid  
vriendelikheid  
goedheid  
getrouheid  
sagmoedigheid  
selfbeheersing

## Die werke van die vlees is:

owerspel  
hoerery  
onreinheid  
ongebondenheid  
vyandskap  
twis  
jaloersheid  
toornigheid  
dronkenskap

## VIR HULLE WAT VREES ...

Jy: "Die tye is so swaar en donker — alles is so duur en dis droogtes, hael, plaë! Daar is siekte en teëspoed! Hoe sal ek dit bybring en my huis en kinders versorg?"

### **Christus antwoord:**

"Daarom moet julle jul nie kwel en sê: "Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie." (Matt. 6:31). "Julle Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra." (Vs. 8.)

\* \* \* \* \*

Jy: "Ek is so bang vir die volgende verwoestende oorlog."

### **Christus antwoord:**

"Aan My is gegee ALLE mag in hemel en op aarde." (Matt. 28:18) "En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel." (Matt. 10:30.)

\* \* \* \* \*

Jy: "Wat sal tog eendag van my kinders word in hierdie bandelose en Goddelose wêreld? Die verleidings is so groot. Maak ek hulle miskien groot vir die verderf?"

### **Christus antwoord:**

"My skape luister na my stem en Ek ken hulle en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal NOOIT verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie." (Joh. 10:27,28.)

Jy: "Ja, nou gaan dit nog goed en ek kan glo, maar as verdrukking, benoudheid, vervolging of die dood kom — as my dierbares miskien afgemaai of ek vermink moet word — sal ek dan nog kan staande bly in die geloof?"

### **Christus antwoord:** (deur die mond van Paulus):

"Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie." (Rom. 8:38, 39).

**J. H. RAS**